

4 Mei

1 Petrus 1:3-5

Ons antwoord op ons wedergeboorte

Die heil wat God aan ons in sy Seun skenk, mag nooit onbeantwoord bly nie. Die oop graf roep om reaksie van ons kant af. Vers 3 wys ons die weg: Geloofd sy die God en Vader van ons Here Jesus Christus...! Die Here wil geprys word vir sy groot daad in Christus. Dit doen ons in ons gebede en dankbaarheidslewe. Doen ons dit?

Dit is opvallend hoe Petrus dit in ons teksverse stel. Hy sê nie: Geloofd sy Jesus, nie. Hy sê: Geloofd sy die Vader. In die opstanding van Jesus sien hy die Vader se hand. Die Vader is die Gewer van die wedergeboorte deur die opstanding van sy Seun. Pase is daarom eweveel fees van dit wat die Vader gedoen het, as wat dit fees is van die Seun se sterwe en opstanding. Soms hoor 'n mens gebede waarin Jesus aangespreek en gedank word. Die Bybel leer ons anders.

Petrus dank die Vader vir sy barmhartigheid. Daarmee bedoel hy: Ons het dit nie verdien dat God sy Seun vir ons gegee het nie. Dit was suiwer genade. Niks in ons het God beweeg om dit te doen nie. Vir mense wat die paradyslewe verbeur het deur eie skuld, skenk Hy dit terug deur die werk van sy Seun.

Daarom: Gee Hom die lof vir die erfenis wat wag en nooit uself nie.

Sing: Skrifberyming 9:6 Dr. A.H. Bogaards
(Daniëlskuil/Delporthoop)